# *Die Trooster*

Dankie, Broer Neville. Dankie, broer. Goeienaand, vriende. Dis 'n voorreg om weer terug te wees by die huis van Here, vanaand, in Sy diens, om Hom weer te dien. Ek dink dis die grootste ding wat ooit met my gebeur het, om die voorreg te hê om Hom te dien. En ek weet, soos ek julle dien, dien ek Hom. "Want insoverre julle aan hierdie geringstes, My kleintjies, gedoen het, dit het julle aan My gedoen." En dan kan Sy Woorde nooit faal nie.

2 Nou ek wil hierdie oomblik se tyd neem om te sê dat moeder steeds asemhaal, of het nog toe ek 'n tydjie terug weg is by die hospitaal. En onmiddellik na die nagmaaldiens vanaand, gaan ek en my vrou vannag by haar waak. Ons gaan na die—na die hospitaal toe.

3 En ek wil namens haar, siende dat sy nie kan nie, die dankbaarheid uitspreek wat ons het teenoor julle mense, dat julle vir ons bid in hierdie moeilike tyd, en vir die mooi kaartjies en blomme, en gebare van uitdrukking van simpatie, wat julle na my moeder toe gestuur het; wat ek beslis waardeer, en sy ook. En, baie dankie. Ek sal my bes probeer, om dieselfde vir julle te doen. Julle weet dit. En so in hierdie wete, dat daar miskien . . .

4 Ek kan nie sê dat sy sterwend is nie, alhoewel die dokter sê sy is. Maar hy het *dit* vir my gesê, verlede Sondag, dat sy toe sterwend was. En heel week lank, het die kinders daar rondgesit, in afwagting in die hospitaal, beurte geneem, uur-na-uur, in afwagting vir moeder om te gaan. Maar, op hierdie tyd, is sy laer as wat sy al ooit was.

5 Ek dink die dokter het twee-en-twintig verskillende goed gevind wat verkeerd is met haar. En dis dan wat hulle, 'n ander een inkom, sê: "Nee, ek glo nie dis dit nie."

6 En uiteindelik, het een hierdie gesê: "Dis 'n ou afgeleefde moeder, net te moeg om nog langer te leef." So, ek dink dit beskryf dit soort van. Dis reg. Sy is die moeder van tien kinders, en tye was swaar vir haar. Ons het arm gelewe. En dinge was nie soos dit—dit kon wees nie, reken ek. Maar, en sy is net moeg en gedaan, en gaan Huis toe.

7 En dis met plesier, en met hierdie—hierdie groot Evangelie wat ek verkondig het, waarin ek nou glo. Dit werk nie net wanneer dit—wanneer dit goed gaan nie, Dit werk wanneer dit sleg gaan, ook. Dit is my Troos. En dit . . . Ek kan nie glo dat my moeder ooit kan sterf nie, want sy het Ewige Lewe, sien. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Nou, my Here het Dit gesê, en ek hou vas aan daardie Woorde. Al loop ons almal af deur die vallei,

dis daardie . . . Soos ons kosbare pastoor, vanmiddag, hulle oor haar uitgespreek het; hierdie vermoeiende, uitgerekte ure, van die laastes hier op aarde.

8 'n Mev. Fordyce, nog 'n vriend van ons, wat reg langs haar, op sterwe lê, met 'n hartprobleem. En baiekeer het ons, oorkant die straat, gebring, 'n bietjie groente en goedjies by die dame gekoop. Sy het hierbuite die dorp by Zurschmiede gebly. En nie geweet dit was sy, tot ek goed na haar kon kyk nie, sy is vyf-en-sewentig of ses-en-sewentig. En haar twee ouer susters was daarbinne by haar, om haar te besoek. En toe sy vertrek het, het ek soontoe geloop, sy het gesê: "Jy is Broer Branham, die evangelis?"

En ek het gesê: "Ja, mevrou."

En sy het begin huil. Sy het gesê: "Ek . . . dis . . . Ek het gehoor dis jou moeder reg langs my, net 'n gordyn tussen ons."

Ek het gesê: "Ja."

Sy het gesê: "Ons sal waarskynlik albei, op dieselfde tyd, gaan."

9 Ek het gesê: "Mev. Fordyce, daar is een vraag wat ek jou wil vra, my suster, ek het deur jou plekke geloop op daardie hoë drade daarbuite, en jou daarbuite sien skoffel met 'n skoffelpik, en hard werk; jou dan jou groente sien inbring en hulle deur die dorp smous, en teruggaan." Ek het gesê: "Wat, jy het 'n eerlike lewe gemaak; maar ken jy my Here, as jou Verlosser?"

Sy het gesê: "Ek ken Hom, as my Verlosser. Op Sy genade vertrou ek," het sy gesê: "om my onder deur die dal van die doodskaduwee te neem."

10 Ek het gesê: "Mamma mag dalk nie in staat wees om daar onder deur te loop saam met jou nie, maar Hy sal." So, ons het gebid. En sy het net my hand vasgehou tot ek net amper moes wegtrek, om uit te gaan.

11 Net aan die ander kant van die kamer, het Mev. Gaither reg hierbo, nog 'n ou moeder, gegaan om by die Here te wees, net 'n paar uur gelede. En albei bene is geamputeer, as gevolg van suikerdiabetes. En ek het haar geken van . . . En haar man lê daar, met een been geamputeer. En die wêreld is net vol verdriet.

> Begeer nie hierdie wêreld se ydel rykdom,
> Wat so gou-gou kan vergaan,
> Bou jou hoop op Ewige dinge,
> Hulle sal nooit verby kan gaan!

12 En ek, een-en-dertig jaar het ek hier agter die lessenaar gestaan, en om die wêreld, aangesien ek die wêreld gereken het as my preekstoel. Dan, het ek mense hierdie Woord van Ewige Lewe probeer gee. En dis die enigste ding wat kan help wanneer jy aan die einde van die pad kom. So waarom sou ons op enigiets anders vertrou? Wat kan ons vertrou? As . . . Toe moeder vir my gesê het,

nou die dag, dat sy gereed was om te gaan, en ek gegaan het om met haar te praat.

Net soos ek het met Mev. Broy, my skoonma, omtrent 'n maand voor sy gegaan het, het ek afgegaan en met haar gepraat. Tog, het ek haar gedoop, ensovoorts.

En ek het my eie moeder gedoop, dertig jaar gelede, reg onder waar ek nou woon, in die rivier, in die Naam van Jesus Christus.

13 Ek het haar amper-honderd-jaar-oue vader, in die Naam van die Here Jesus Christus, in die modderige waters gedoop. Ek kan die bewerige ou kêrel nou sien, met sy bewende hande, wat my om die gesig vashou, en my druk, my in die gesig kyk. Ek sal hom weer ontmoet aan die ander kant. O, ja. Ja.

> My hoop is gebou op niks minder
> As Jesus' Bloed met geregtigheid nie;
> As alles om my siel meegee,
> Dan is Hy my hele hoop en vertroue.
>
> Op Christus, daardie vaste Rots, staan ek;
> Alle ander grond is dryfsand.

Vanaand is nagmaal, ek het belowe om hier te wees.

14 Billy het vandag vir my gesê daar is baie wat gevra het vir onderhoude. En ek sou vir hulle gegee het; maar ek het hom gevra of hy hulle sou uitlaat op hierdie tyd. Ek is seker julle verstaan.

15 En ek's net 'n bietjie ontsteld. Julle weet hoe julle sou wees. Maar, tog, glo ek—ek my Here, en Sy genade is genoeg. Dis al wat ek nodig het. So, bid vir my, want ek het gebed nodig.

En mag God elkeen van julle altyd ryklik seën!

En wanneer julle by die einde van die pad kom, vertrou ek dat julle dit nooit sal probeer maak sonder om wedergebore te wees nie.

16 Ek het gedink, soos, Billy daar; ek het sy moeder se hande vasgehou, my vrou, toe sy heengegaan het, net 'n paar deure onder waar moeder nou is. Toe sy oorgekyk het, en sy 'n ondervinding gehad het daar voor sy gesterf het; net 'n meisietjie, twee-en-twintig jaar oud, moeder van twee kinders. En sy het gesê: "Billy, jy het Daarvan gepraat, jy het Daaroor gepreek, maar," gesê: "skat, jy weet nie wat Dit is nie. Hoe wonderlik Dit is nie!" Ons het toe net pas hierdie goeie ou Evangelieweg gevind. Sy het gesê: "Bly Daarby, Billy. Bly Daarby! Moet Dit nooit verlaat nie. Dit betaal uit in hierdie uur."

En ek het gesê:

> Ek sal jou ontmoet in die môre, by die helder,
> blink poorte,
> Wanneer al die hartseer weggedryf het;
> Ek sal by die poort staan, wanneer die hekke
> wyd oopswaai,

> Aan die einde van die lewe se lang, vermoeiende dag.

Dis reg. Ek glo dit met alles wat in my is. Ek glo dit. Ek hoop dat ek elkeen van julle kan ontmoet, op daardie môre.

> Jy sal my uitken op daardie môre, aan die glimlag wat ek dra.

Soos Broer Neville-hulle sê, in die lied:

> Ek sal julle ontmoet op daardie môre, in daardie vierkantig geboude Stad.

Net so werklik as wat dit kan wees!

17 Ek het opgelet, die laaste paar dae, op pad van die hospitaal af, dat daar 'n tent opgeslaan is hieronder op die—op die Pennsilvanië Spoorwegwerf. Dis by, tussen, glo ek, tussen 9de en 10de Straat, hieronder uit Spring uit, aan die bokant, is daar 'n (gesê) bord: "gawe bediening." Ek ken nie die broer nie. Ek weet nie of ek hom al ooit ontmoet het nie. Maar hy's 'n broer, en hy's hier in die stad, besig om 'n diens te hou. En ek weet—weet wat dit is om in 'n stad in te gaan, en miskien 'n stad van hierdie grootte, en met geen. . .iemand wat terughou nie. Ek ken hom nie. En hy het my nooit gevra om hierdie te sê nie. Maar ek—ek glo dit sal baie gaaf wees as al julle mense, wat iewers wil hê om na toe te gaan, as julle sou afgaan, luister na ons broer wat die Evangelie preek. Hy moet een van Christus se kinders wees, of hy sou nie sy tent opslaan, in hierdie koel, September weer, om iets vir ons Here te probeer doen nie. So besoek, hierdie week, ons broer daaronder, en gaan luister as hy preek.

En, nou, ek dink dit was al die aankondigings, dit waaroor ek moes praat.

18 Maar ek wil beslis hierdie een ding sê. Ek waardeer almal van julle se opoffering. In weer soos hierdie, en tye soos hierdie; en julle kom na die ou kerkie toe, en bly hier. Wat sou ek sonder julle doen? Wat sou ons sonder mekaar kon doen? Hierdie is die uur om bymekaar te bly.

> O, hulle sal uit die Ooste en Weste kom,
> Hulle sal uit die verre lande kom,

19 Ek wou gehad het Meda en Mabel moet dit vir my sing vanmôre. Maar, natuurlik, kon hulle dit nie op hierdie uur doen nie. Dit was die lied wat hulle vir my gesing het toe ek begin het met my evangelistiese toere, omtrent vyftien jaar gelede. Julle het die lied gehoor.

> Fees te vier met ons Koning, te eet as Sy gas;
> Hoe geseënd is hierdie pelgrims nie!
> Sy heilige gesig te aanskou
> Wat skyn met Goddelike liefde;
> Geseënde deelgenote van Sy genade,
> As juwele in Sy kroon te skyn.

20 Nou, vanmôre moes ek net vinnig uitgaan. En ek . . . Moeder het opgeflikker. Sy het net omtrent versmoor. Sy het nog skaars asemgehaal, toe hulle my gebel het. Maar, op 'n manier, het sy weer opgeflikker, en weer begin asemhaal. Sy weet nie. Maar Hy het haar lewendig gehou terwyl ek gepreek het, en haar 'n tydjie gehou. En ek vertrou dat Hy dit nou ook sal doen terwyl ek hier is vanaand. Nou, baie dankie, vir julle gebede.

21 En laat ons nou ons hoofde net 'n oomblik buig terwyl ons bid. Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wil ek—ek julle 'n baie ernstige vraag vra. En ek hoop nie julle sal gekrenk voel dat ek hierdie vra nie; maar deur te weet, wat ek nou weet, bedoel ek hierdie vir jonk en oud. Julle jong meisies, julle moet eendag kom na waar moeder vanaand lê, julle jong mans. Ons almal weet dat ons by daardie plek moet kom.

22 En as julle nie baie seker is dat julle gereed is om God te ontmoet nie, sal julle net julle hande opsteek, terwyl niemand kyk nie, na God toe, en sê: "God, onthou my"? God seën jou. God seën julle, oral. "Onthou my, O God, ek moet daar afkom na waar ek miskien ook bewusteloos sal wees. Maar ek wil seker wees voor ek gaan, en terwyl ek by my volle verstand is, dat my siel op pad is na God toe. 'En ek sal deur die dal van doodskaduwee gaan, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my.'"

23 Nou, Hemelse Vader, soos ons, deur geloof, in my hande, vanaand, hierdie kosbare siele bring wat net nou hulle hand opgesteek het. Ek lig hulle op voor die Troon van U genade en barmhartigheid. En deur hierdie een ding te weet, Vader, daar mag siek mense hier wees, daar mag vermoeide mense wees. Maar, God, daar is niemand van hulle met sulke behoefte soos dié wat hulle hande opgesteek het nie. Want hulle weet dat, maak nie saak of hulle genees is van siekte nie, as hulle lank genoeg gaan lewe, sal hulle dalk weer siek word. Maar, O God, wanneer hulle eenmaal hierdie salige Verlosser aanvaar en Ewige Lewe het, en wedergebore is, dan is daar niks, wat hulle ooit kan skei van God nie. Hulle word God se kinders, en kan nooit weer geskei word nie. "Hy het oorgegaan uit die dood in die Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie." Wat 'n belofte, Here! Hoe ons ons siel net daar kan anker! Maak nie saak hoe hard die storm woed nie, maak nie saak hoe die winde skynbaar teen ons is nie, "ons geloof kyk op na U, U Lam van Golgota, Goddelike Verlosser!" Neem hulle nou vanaand, O Here God, onder U genade en sorg. Red hulle siele net nou. Mag hulle—mag hulle nie hierdie gebou verlaat, vanaand, tot daardie "vrede wat alle verstand te bowe gaan" in hulle hart ingekom het nie. Wat kan ek doen, Here, na hulle hulle hand opgesteek het, behalwe om my stem op te hef na U, en uit te roep: "O God, wees genadig"? Skenk dit, Vader.

24 Want in hierdie baie jare wat U my gespaar het, en oor die velde en om die wêreld, het ek hulle sien kom aan die einde van die pad, wat U nie geken het nie, en daardie uitroepe om

genade gehoor. En ek het hulle sien kom wat U geken het, wat sing: "Gelukkige dag, gelukkige dag, want Jesus het my sonde weggewas!" O, ja. Die goddelose brei, baiekeer, uit soos 'n groen lourierboom; maar wanneer hy aan die einde van die pad kom, is dit anders.

25 Mag daar nie 'n goddelose persoon in ons midde wees vanaand nie. Mag hulle almal vergewe word van elke sonde. En mag elkeen hierbinne die varsheid en die nuutheid van God af ontvang. Want, Vader, ons is net nou op die punt om die nagmaal te neem, daardie heilige, gewyde opdrag wat U vir ons nagelaat het. "Dit is My liggaam wat vir julle gebreek is. Dit is die Bloed van die Nuwe Testament, die beker van seëninge. So dikwels as wat julle dit eet en dit drink, wys julle die Here se dood tot Hy kom."

26 God, ons glo dat U kom. Ons glo dat Jesus sal arriveer, en ons Hom sal sien, daardie groot glorieryke Een. En al die ouderdom sal verbygaan, en al die . . . alle droefheid en hartseer, en siekte en ding sal verdwyn. In die groot nuwe môre, sal ons uitbreek, Here, met die krete en uitroepe van oorwinning. "Palms waai met blye hosannas, soos die Koning Sy Troon sal inneem." Ons kyk uit na daardie uur.

Troos ons nou ook, Here, in U Woord, vanaand. Spreek hierdie dinge tot ons wat gemaklik is, dat Dit ons harte mag troos.

27 En ek bid vir mamma. Here God, sy is die enigste moeder wat ek ooit geken het. En op een of ander manier, maak nie saak hoe liefdevol 'n vrou is nie, kan so liefdevol wees as wat sy kan wees, maar dit neem nie die plek van mamma in nie; daardie ou uitgestrekte eikeboom, Here, wat gewortel en gevestig is, wanneer jy kan afgaan en langs haar gaan sit, en met haar praat. Ek bid, God, dat U haar nie sal laat ly nie. Want dit breek my hart, Here, wanneer ek dink dat sy ly. Laat haar net gaan deur die dal van doodskaduwee, en geen onheil vrees nie.

28 Hoe ek U dank! 'n Tydjie gelede, toe sy nie eers haar eie naam geken het nie, as ek gesê het "Jesus," het sy haar kop geskud, sy het Hom geken. Hoe ek U daarvoor dank, Here! En die dokter wat gesê het: "Sy is bewusteloos. Sy weet niks." Maar selfs al het sy niks geweet nie, tog, het sy (van hier van hierdie aarde nie), het sy U geken, Here. Ek's so bly daaroor! Dit laat my siel rus.

29 U het nie met U diensskneg gepraat oor haar heengaan nie. U hoef nie met my te praat daaroor nie, Here. Maar ek wens ek het net geweet, Here. Ek bid dat U net sal . . . Wat dit ook al is, Here, ek gee dit in U hande. U wil geskied.

30 En nou, Vader, seën die Woorde vanaand, die Boodskap, die lees van die Woord, die sing van die liedere, die neem van die nagmaal. Mag alles tot U eer en verheerliking wees, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Ons het 'n paar sakdoeke hier waaroor daar gebid moet word. En ek sal hulle net 'n bietjie later kry, terwyl ons in gebed is.

31 Kom ons blaai, nou vanaand, vir die voorlesing van die Woord. En ek sal so vinnig wees as wat ek kan, want daar is hulle wat waak, vir my wag om daar te kom; en—en moeg, uitgeput.

32 Ek wil graag begin by die 14de hoofstuk van Johannes. En kom ons begin by die—kom ons begin by die 12de vers. En my onderwerp vanaand is: *Die Trooster*. En nou terwyl ons lees, luister goed na die voorlesing. Johannes 14, van 12 af.

> *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit; omdat Ek* na *My Vader gaan.*
>
> *En wat* julle . . . *ook al in My Naam vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik mag word.*
>
> *As* julle *iets in My Naam vra, sal Ek dit doen.*
>
> *As* julle *My liefhet, bewaar My gebooie.*
>
> *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee, dat Hy by julle mag bly tot in ewigheid;*
>
> *Selfs die Gees van die waarheid; wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien, en Hom nie ken nie: maar* julle *ken Hom; omdat Hy by julle bly, en in julle sal wees.*

Ek wil graag, as julle dit sal verskoon, dat ek weer hierdie 17de vers lees.

> *Selfs die Gees van die waarheid; wat die wêreld nie kan ontvang nie, . . .*

"Die wêreld." Solank jy die wêreld liefhet, sal jy Dit nooit ontvang nie. Sien?

> . . . *omdat dit Hom nie sien nie, . . .*

Maak nie saak wat Hy doen nie, die wêreld sien dit nie. Hulle glo dit nie. "Dis emosie, sielkunde," sien, vir hulle.

> . . . *Hom nie sien, en Hom nie ken nie:* . . .

Luister nou, hierdie "Hy" waarvan Hy praat:

> . . . *maar julle ken Hom; omdat Hy by julle bly,* . . .

Nou, Jesus.

> . . . *en in julle sal wees.*

33 Is dit nie duidelik nie? Wie is hierdie Trooster dan? Jesus. Sien? Hy het gesê: "Ek sal die Vader bid, Hy sal vir julle 'n ander Trooster gee, selfs die Gees van die Waarheid; Wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat hulle Hom nie ken, of Hom sien, of, Hom sien, of Hom ken nie. Maar julle ken Hom!" Sien, Hy praat van Homself. "Julle ken Hom, want Hy woon by julle, in 'n liggaam

van vlees nou," gepraat met die dissipels, "en sal in julle wees; en sal by julle bly tot in ewigheid, nooit weggaan nie."

34 O, is Hy nie 'n goeie God nie? Jesus, is so goed vir ons! En dit word goed uitgedruk, dat: "Ons God 'n goeie God is." Hy is so goed vir Sy kinders! Hy het elke goeie ding vir ons voorsien. Alles wat ons nodig het, dit het Hy voorsien. Julle kan waarlik sê: "Onse Vader, Wat in die Hemel is," want Hy is 'n Vader. En al is ons ongehoorsaam, al is ons arrogant, voorsien Hy steeds net dieselfde vir ons. Of ons nou soet is óf of ons stout is, Hy gee vir ons kos om te eet, klere om te dra, huis om in te woon. O, Hy is so goed!

35 As ons net sal rondkyk en die goeie dinge tel wat Hy vir ons is! Ons stop nie om dit te oorweeg nie. Wat as jy geen oë gehad het nie? Wat as jy geen neus gehad het, jy geen mond gehad het, jy geen ore gehad het nie? Wat as jy geen voete of bene gehad het, en nie kon rondloop nie? Maar jy. . .Maar, sien, Hy het vir jou voete voorsien. Wat as jy geen oë gehad het en nie kon sien nie; en, tog, kon jy geluide hoor, maar jy nie geweet het wat hulle was nie? Nou, daardie is alles in die vyf sintuie wat Hy voorsien.

36 Maar dan, as ons net na aan Hom sal lewe, sal Hy iets anders voorsien vir ons. Dit is 'n insig, dat ons kan sien wat die gewone mens nooit sien nie. Wanneer ons wedergebore is, sien ons Hom. Sien? "Julle ken Hom. Julle het Hom gesien. Hy sal tot in ewigheid by julle bly." O, Hy is 'n goeie Vader. Hy is die— Hy is die Fontein van goedheid, die groot bron van alle goedheid en Vaderskap behoort in ons God. Hy is so goed vir Sy gelowige kinders! Maar nou miskien. . .

37 Een ding wat Hy vir ons voorsien, is sonskyn. O, hoedat. . . Julle weet, jy kan nie sonder sonskyn lewe nie. Jy sou nie langer as 'n kort rukkie lewe nie, want daar sou niks wees wat groei nie. En sonskyn is so 'n groot ding en so nodig, tog kyk ons net en sê: "O, dis die son," en gaan. Sien, ons kyk so daarby verby. Maar daardie sonskyn is belangrik vir ons lewe. Dit help ons, en dit gee ons krag. En, nou, dis vir die natuurlike mens.

En dan is daar 'n geestelike Seunskyn waarin ons kan lewe.

38 Al die natuurlike is tipes van die geestelike. Soos ons goeie kos gehad het wat ons by die tafel eet, is dit 'n tipe van die goeie Kos wat ons eet uit die Woord. Sien, dis net 'n tipe. Dis die uiterlike uitdrukking (die fisiese deel) van die geestelike deel, wat meer vir ons beteken as die fisiese deel. Sien?

39 Dis net soos 'n klein babatjie. Wanneer 'n klein babatjie ontvang word in die moeder se skoot, is dit net vlees en bloed, wat spring, en bewe. Maar, sodra dit gebore word, sien jy dit nie, maar is daar 'n gees en siel wat naby daardie moeder hang, om in daardie moeder in te kom sodra dit gebore word. Net sodra daardie babatjie gebore word, het God 'n siel geskep en 'n gees geskep, om in daardie babatjie te wees sodra dit gebore word

in hierdie wêreld. Daardie babatjie word volwasse en dit begin leer, dan word dit 'n lewende siel en dit weet wat reg en verkeerd is. Dan word dit, net soos Adam en Eva, voor 'n boom van reg en verkeerd geplaas. Dit maak sy keuse. En dan word dit intelligent. Dit groei die heeltyd. Dis God se groot ekonomie.

40 En uiteindelik kom dit by die einde van die pad, vir hierdie fisiese liggaam. En net soos hierdie liggaam agteruitgaan en vergaan, is daar een wat voorberei word om dit te ontvang. Net sodra dit hier weggaan, hierdie siel wat nou in ons is en hierdie gees, hierdie liggaam verlaat, en na 'n ander een toe gaan; 'n jong een, 'n goeie een, 'n beter een, 'n een wat nie sal oud word nie, 'n een wat nie sal vergaan nie. Wel, Hy's 'n goeie God! Maar, Hy is beslis!

41 Maar nou, neem byvoorbeeld, wat as 'n man wat weet van sonskyn, en dit skyn, en hy dan net weier om daardie sonskyn te erken? Hy het gesê: "Ek glo dit net nie." En hy gaan af in sy kelder in, en maak die deur toe, en weier net eenvoudig om te weet dat die son skyn. "Ek glo dit nie."

Iemand het gesê: "O, dis warm. Dis gesond. Die mense wat in die sonskyn lewe, het kleur, en hulle is gesonder as hulle in die sonskyn lewe."

42 "Ek glo dit nie," sou hy sê: sluit net homself toe. Nou, daardie man is in 'n jammerlike toestand. Daar is iets verkeerd met sy verstandelike vermoëns, as 'n man dit doen.

43 En as 'n man homself sal afsluit van God se geestelike Seunskyn, is daar iets verkeerd met sy geestelike toestand, want, wanneer 'n man weier om te wandel in die leiding van 'n goeie God, soos ons God, Wat ons Troos en ons Krag is. En, om te lewe in Sy Seunskyn, is geestelike groei. Dis geestelike krag om te lewe in Sy Seunskyn, die glans van Sy Heerlikheid! Wel, dis die grootste voorreg wat ons het, om te lewe onder die Seunlig van God se Heerlikheid. Kyk na die goeie, gesonde Christene!

44 Neem die man of die vrou wat homself onder in een of ander kelder sou sit, en nie die sonskyn, die natuurlike sonskyn wat God vir hom voorsien het, sien nie, maar hy weier om dit te glo. En, as gevolg van selfsugtigheid, sluit hy homself af. Daardie man sal gou bloedarmoedig raak, hy sal bleek raak, hy sal nie goeie krag hê nie, hy sal nie gesondheid hê nie, en hy sal gou . . . omdat hy homself afgesluit het van die einste voorreg wat God hom gegee het. Dis reg. Hy het dit aspris gedoen.

45 As ons onsself dan afsluit van die Heerlikheid van God, van die doop van die Heilige Gees, of die gemeenskap van die Gees; voor jy jou kom kry, word ons bleek, sieklike Christene. Ons ondervinding word dowwer. En wanneer die groot beproewings kom, skram ons weg en gaan terug.

46 Dit verg daardie soldaat wat in die Seunlig van God gelewe het, dit verg daardie gees wat vir God geken het, waar daar nie

’n sweempie twyfel is nie; hulle kan in die midde van probleme staan, en uitroep: “My Verlosser leef!” Halleluja! Dis reg, sien.

47 Ons sluit onsself af. En hulle doen dit, outomaties, ons doen dit omdat ons dit wil doen. Maar God is goed, Hy voorsien dit vir ons. Maar te veel wil vandag nie in daardie gesonde plek saam met God ingaan, ’n gesonde Christen wees, ’n gesonde gees hê nie. Julle sou beslis ’n gesonde liggaam wil hê, enigiemand sou. Wel, daardie liggaam, maak nie saak hoeveel gesondheid jy in daardie liggaam insit nie, dit gaan terug na die stof.

48 Maar, o, my broer, daardie siel kan nie te gesond word nie. En elke keer wat dit groei, groei dit in sterkte en genade en krag van God. Ons moet wandel in die Seunlig van God, omdat Hy goed is.

Ons het ’n groot erfenis, ’n groot heilige verpligting wat vir ons gegee is.

49 Julle mag nou wonder: “Broer Branham, jy praat van Seunskyn, groot Seunskyn van God se Heerlikheid, om gesonde geeste te maak, om ons sterk Christene te maak?” Dis waarvoor ons hier is vanaand, is om uit te vind: “Hoe kry ons daardie dinge? Waar kom hulle vandaan? Wat is hulle? Wys my wat dit is, Broer Branham. Kan ek dit by die apteek koop? Watter soort vitamien is dit?”

50 Jy koop Dit nie by ’n apteek nie. Maar daar is baie Daarvan baie naby aan jou, as jy Dit net sal ontvang. Dis net om die formule te ken, hoe om Dit te ontvang.

Daar kan medisyne in ’n apteek wees, maar daar moet ’n dokter wees om die geval te diagnoseer. As hulle nie het nie, mag dit jou dalk doodmaak.

51 So, daarom, moet jy ’n diagnose van die geval hê. Jy kan nie net gaan en ’n sondaar neem en vir hom die Heilige Gees gee nie. Hy moet eers bekeer word. Hy moet gewas word, sy sondes weg. Hy moet voorberei word vir hierdie groot Vitamien wat vir hom gegee gaan word.

52 Nou, ons het ’n heilige trust. Julle weet wat ’n trust is. En ons het ’n erfdeel, ’n erfenis wat ons erf, as gelowige kinders. Dis ’n heilige toevertroude pand. En daardie heilige trust en ons heilige erfenis is die Woord van God wat vir ons gegee is, die volle Woord van God. Die Woord Self is die Vitamien, die Woord Self, God se Woord!

53 Dis waar, rede waarom ek so dogmaties is, soos ek dit sal noem, oor om op hierdie Woord te staan! Maak nie saak wat enigiets ander sê nie, as dit nie volgens die Woord is nie, dan glo ek dit nie; sien, jy wil dit glo, dis alles reg. Maar, vir my, verg dit die Woord, want, “Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie.” Daarom, verg dit daardie Woord!

54 Ek lewe volgens die Woord. Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.'" En Hierdie is Dit! En Dit is vir ons gegee as 'n erfenis. Dis ons erfdeel, die Woord!

O God, kom ons dink Daaraan in die—die diepte Daarvan.

55 Dis—dis ons voorreg. Dis hierdie heilige trust wat God in Sy Kerk geplaas het. God het Sy Woord vir Sy Kerk gegee. En daardie heilige erfenis is ons s'n. Dis 'n gawe van God. Nie net om *Hierop* toe te gee, en *Hierdie* uit te sny, en *Hierdie* uit te gooi, en *hierdie* by te voeg, om ons eie smaak te bevredig nie; maar om die volle Woord te preek, die hele Evangelie. Ons is pligsgebonde, as Christene, om Dit te neem en Dit te glo. Wanneer ons weet: "As ons harte ons nie veroordeel nie, dan weet ons ons het guns by God."

56 Maar wanneer ons weet ons ontbreek Iets, dat 'n groot erfenis wat aan ons behoort, dat Dit ons ontbreek, omdat ons kerk gesê het hulle "Moenie hierin glo vandag nie, dit is nie vir ons vandag nie." As ons Dit ontbreek, dan bederf ons ons erfenis.

57 Ons is almal Amerikaners, ek dink so, in—in die—die kerk vanaand. Ons is almal Amerikaanse burgers. Ons is dankbaar om Amerikaans te wees. Maar, tog, wat het gebeur met ons Amerikaanse erfenis? Wat was dit? Ons het begin toegee. En sodra ons toegegee het, het ons die onskendbaarheid van ons erfenis verloor, omdat ons toegee. Ons herkies presidente vier keer, dit breek die—die—die grondwet. En ons doen dinge vandag. En ons selfs . . . Tot hierdie parkeermetertjie wat ons op straat het, dis ongrondwetlik. Daar is glad nie so-iets in die grondwet nie. Dis teen die grondwet, tog doen ons dit. En ons doen allerhande dinge wat teen die beginsels is waarop hierdie volk gestig is. Ons doen alles teenstrydig, so ons verloor ons erfenis. As gevolg waarvan? Ons het toegegee op die beginsels waarop dit gebaseer was.

58 God help my, God help julle, as Christene, om nooit op een Woord van God se Woord toe te gee nie! Want hierdie onskendbare verpligting is aan die Kerk gegee, en dis 'n wonderlike ding om hierdie Evangelie, die volle Evangelie, te hê; om Dit te verkondig, sonder om êrens toe te gee. Preek Dit net soos Dit geskrywe is. Lewe Dit net soos Dit geskrywe is. Wat 'n onskendbare verpligting!

59 En as ons ooit verwag dat hierdie Woord ooit vervul moet word, as ons ooit verwag dat God Sy Woord moet hou, moet ons Daarby bly net soos God dit geskryf het. Dis die rede, as julle Daarby bly op die manier wat God Dit geskryf het, sal daar allerhande dinge onder julle gebeur, elke Woord sal vervul word.

Ek's nou, self, onder verwagting, om 'n skuddingskrag te sien kom, wat die nasies binnekort gaan skud.

60 God ooit 'n volk onder Sy Eie beheer kan kry, as Hy 'n man of 'n vrou kan kry wat nie op Sy Woord sal toegee nie, maar daar sal staan soos die Rots van die Eeue, wat elke Woord Daarvan sal glo, en sal glo dat Hy Daaragter is. En 'n man wat Dit glo, jy moet optree soos Dit. As jy nie soos Dit optree nie, dan glo jy Dit nie. Maar, as jy Dit glo, tree op soos Dit! En jy kan Dit laat werk, en die Woord sal in jou wees.

61 Ons het ons erfenis verloor omdat ons—ons net toegee. En wanneer ons toegee, dan kan ons nie verwag om. . . God Sy belofte aan ons sal hou nie; omdat ons inbraak gemaak het op die heilige trust, en die vertroue verbreek het wat God ons gegee het. Kom ons behou daardie vertroue; hou dit ongeskend, hou dit heilig. Hou elke Woord Daarvan, en gee nêrens toe nie. Neem God op Sy Woord, en glo Dit. Tree op soos Dit! Staan Daarop! Moenie beweeg nie! Dis wat ons moet doen. Dis waarna God soek.

62 Soos ek vanmôre in die Boodskap gesê het, in ons Boodskap vanmôre, gepraat van: "Dit betaam ons," of: "Dit pas ons dat ons alle geregtigheid vervul." Dit hang van ons af, aan wie die Woord gestuur is. Dit hang van ons af, dat ons by daardie Woord bly. En, soos ons Daarby bly, sien ons vir God onder ons werk. So, dit pas ons, om Daarby te bly. Dis 'n erfenis wat God ons gegee het.

63 Kom ons gaan net 'n paar minute terug, en kry daardie manne wat God se groot, onskendbare verpligting bewaar het. Dit was Sy Woord. Dis wat ons erf, is die Woord. En in die tyd van spanning, in die tyd van verwarring, in die tyd van benoudheid, in die tyd van gevaarlike tye, het hulle troos gevind deur die Woord te hou.

64 Die Woord van God se Troos. Wanneer jy weet, en kan afstap selfs na die dal van doodskaduwee, en weet dat God so gesê het, is dit afgehandel. God het so gesê!

Jy kan nie sê: "Wel, die pastoor het dit gesê," of: "Die kerk het dit gesê," nie.

65 Jy kan sê: "God het so gesê!" Dis die troos wat ons kry. Dis waar ek nou kan troos vind. Dis waar jy jou troos vind. God het so gesê! "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?" Sien, Dis troos. Dis die troos wat ons vind.

Noag. Ek het van hom gepraat, dink ek, vanmôre. Die troos wat hy moes gevind het, te midde van al die kritiek! Sekerlik.

66 "As die wêreld Hom nie kan ontvang nie," Jesus het so gesê: "omdat dit Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, en het Hom gesien. En Hy bly by julle, en sal in julle wees."

67 Noag het God ontmoet. Hy het God gehoor. Hy het God se Woord gehad. So dit het nie enige verskil gemaak wat enigiemand anders gesê het nie, Noag het God se Woord gehad! So, Dit was 'n troos vir hom, toe die kritici gekom het, aangegaan

het met wat hulle gedoen het, hom gekritiseer het. En wetenskap, wat sê: "Hoe kan daar water uit die lug val, wanneer daar niks daarbo is nie? Ons kan bewys daar is geen water daar nie. Jy's 'n fanatikus, Noag! Wel, ek kan vir jou bewys dat jy 'n fanatikus is. Kyk hier, waar is daar enige waters? Wys my!" Hulle kon verkykers gehad het wat 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar se ligruimte kon sien, soos ons vandag het, al weet julle dit het nog nooit gereën nie. Maar tog, was Noag vertroos, omdat Hy God se belofte gehad het. Amen.

68 Wat het hy gedoen? Hy het begin om 'n ark te bou. "Hoe dwaas!" Daar was, miskien, nog nooit 'n boot gewees nie. Daar was geen mere en riviere, en dinge, in daardie dae nie, so hulle het nie 'n boot nodig gehad nie. Maar, hier is hy, besig om 'n snaakse ding te bou. En almal lag vir hom. En dit was genoeg om hom te ontmoedig; almal wat verbykom, gesê het: "Kyk daar bo-op die heuwel, na daardie fanatikus daarbo! Wat is daardie huisagtige-ding wat hy daar bou? Watter soort van 'n—'n ding is dit? En kyk waarvan bou hy dit! Wel, dis onsin!" Maar, tog, die troos wat Noag gehad het, omdat Hy God se Woord gehad het! Dit was 'n troos, hy het geweet God het so gesê. Amen. God het dit gesê, en dit handel dit af. God het so gesê!

"Hoe weet jy dit gaan reën?"

"God het so gesê!"

"Hoe weet jy daar gaan water van daarbo af kom?"

"God het so gesê!" Dis die troos wat hy gehad het, in die Woord.

69 Kom ons hou sy ark dop, vir 'n paar minute, dis soort van 'n fanatiese manier om dit te bou. Het julle opgelet oorkant in Genesis, het Hy gesê: "Bou dit van goferhout"? Nou, as julle al ooit geneem het en bestudeer het wat goferhout is, dis amper soos balsem. Dis 'n baie ligte hout, en dis net soos 'n spons. Dis vol klein selletjies. Wanneer dit lewendig is, in die boom, het dit sap daarin. En sodra jy dit afkap, loop die sap daaruit. So, dit maak niks anders nie as 'n spons. Nou Hy het gesê: "Moet dit nie uit goeie, harde akkerhout bou nie. Moet dit nie uit plataan of 'n harde-grein hout bou nie; maar bou dit uit goferhout, die ligste en sponsagtigste tipe hout wat daar kan wees." As dit in die water gesit word, sou dit binne 'n minuut sink. "Bou dit uit die goferhout, en maak dit so." Gesê hoe ver en hoe lank dit moet wees, en gesê: "Sit die kamers daarin; drie kamers."

70 Wat 'n pragtige tipe: Regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees; drie kamers. Sien? En onthou, Hy het gesê: "Sit 'n venster daarin." En die venster was nie aan die kant nie; dit was aan die bokant. Sien? Regverdigmaking, Luther; heiligmaking, Wesley; doop van die Heilige Gees, en die Lig skyn in! Dis God se Seunlig, waarin ons moet lewe, en wandel in die Lig. En onthou, op die onderste vloer, was die kruipende

dinge; en in die tweede vloer, was die voëls; maar aan die bokant was Noag en sy familie, bo in die bokant sodat hulle kon sien, en lig ingekom het.

71 Nou het Hy gesê, dat: "Wanneer jy hierdie uit goferhout bou, wanneer jy dit alles gebou en reg het, dan wil Ek hê jy moet dit met pik bestryk, binne en buite."

72 Wel, ek het bestudeer, eendag, wat hierdie pik was? *Pik*, vir ons, is "teer"; wat ons chemikalieë neem en—en teer maak, en die pad met pik bestryk in—in die krake, ensovoorts, met teer. Maar, in daardie dae, was dit anders. Hulle het 'n harsboom gehad, en hulle het hierdie immergroen geneem en dit afgekap. En in plaas van om die dinge te hê wat ons, soos wat ons vandag het, om die harsgom uit te haal, het hulle die boom geslaan. En hulle het die boom geslaan tot die sap en hars uitgevloei het. Dan sou hulle dit warm maak, en dit op hierdie sagte goferhout gooi wat vol van. . . soos 'n spons was, en dit is net gevul. En dan wanneer dit hard geword het, kon jy nie 'n spyker daarin kap nie. Sien, dit was gereed om te ontvang. Dis soos Christus.

73 Dis die Kerk. Sien, die Kerk moet ditself leeg maak, en baie lig word, al die denominasie uit julle uitkry, al die wêreld uit julle uitkry, al die ongeloof uit julle uitkry, en wegkom.

74 En daar was 'n Ander, wat anders as ons was, wat afgekap is in Sy jong lewe. En Hy is verbrysel en geslaan: "Ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel." Hy is geslaan tot Sy Lewe uitgevloei het, soos die hars uit 'n boom uit.

75 En, o, hoe die Christen Dit kan opsuig, o, as jy leeg is. Maar jy moet eers leegmaak. Die probleem daarmee is, ons wil nie leegmaak nie. Maar kom ons maak leeg, al ons gedagtes, al ons geloofsbelydenisse, al ons boeke; en die Heilige Gees opsuig, wat God in Sy Woord is.

76 Dan kan dit deur die storm vaar, kan dit deur die seë vaar, want dit was harder as enige ander hout. Daar was niks wat sy plek kon inneem nie. Niks sou. . . Die dele van die ark bly steeds; sesduisend jaar gelede, en hulle kry dele daarvan, want dit bly; omdat dit so verhard was, deur hierdie verharding wat die oordele aan die buitekant gehou het. Die waters was die oordele.

77 En wanneer ons in Christus inkom, deur Sy geslaande Lewe, Hom in ons gestel opsuig. Word ons so ingeënt teen die dinge van die wêreld, totdat hulle die toorn kan deurstaan. Wanneer die storms woed en die see teen ons is, tog, gaan die bootjie nie onder nie. Sy gly reguit deur die branders, na die Rots van die Eeue.

78 Noag het 'n troos gehad, dat, terwyl hy hierdie gebou het, terwyl hy hierdie ark gemaak het, het hy geweet dat hy vertroos

was, omdat hy die Woord van die Here gehad het, wat vir hom gesê het: "Dis die instruksies."

79 Wat as iemand sou sê: "Sê, Noag, wat wil jy sê deur daardie—daardie uit goferhout te bou? Wel, jy weet tog dat daardie hout, as daar water sou wees, dit eerste sou sink."

80 Maar, julle sien, Noag het die instruksies gevolg. Hy het die Woord van God gehad, wat Sy Trooster was. Die Woord was sy Troos. "Ek verstaan nie hoekom God my dit soos hierdie laat bou nie, maar *dis* wat Hy gesê het om te doen."

81 Ek kan nie verstaan waarom God my laat maak soos ek maak nie. Ek kan nie verstaan waarom Hy my nie wil laat saamwerk en al hierdie ander dinge laat doen, en aangaan met die kerk nie. Maar *hierdie* is Sy instruksie. Hierdie is die manier wat Hy gesê het om dit te bou.

"Wat gaan Hy daarmee maak?"

82 Ek weet nie. Ek is net veronderstel om die hout daarbo neer te sit, en hulle vas te spyker. En daardie Hout is die Woord van God. En daar lê my troos, dis reg, want dit word gebou op die manier wat God gesê het om dit te bou. "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal Dit nie oorweldig nie." Dis reg. Wat is dit? "Op die geestelike openbaring om te weet Wie Jesus Christus is." Nie die derde persoon van die drie-eenheid nie; geen drie-eenheid Daarin nie. Hy is God, en God alleen, gemanifesteer in vlees. Dis waar Hy Sy Kerk bou. "En die poorte van die doderyk kan nie daarteen standhou nie." Alhoewel, dit het gewys dat die poorte van die doderyk daarteen sou wees, maar sou nooit in staat wees om stand te hou nie.

Noag, seker, Noag het hierdie woorde gehad. Hy is vertroos omdat hy geweet het, maak nie saak wat die wêreld gesê het nie!

83 Wat as 'n kontrakteur verbygekom, en gesê het: "Broer Noag! Jy weet, vandat jy die kerk verlaat en afgegaan het op hierdie dwaling, laat ek vir jou iets wys. As jy bou, waarom neem jy nie goeie ou soliede akkerhout nie?"

"Akkerhout sal nie werk nie."

Jy sê: "Wel, ek kan bewys dat akkerhout 'n sterker hout is as wat hierdie is."

84 Maak nie enige verskil hoe sterk akkerhout is nie; God se spesifikasie was "goferhout." God gaan iets doen met daardie hout. Hy het iets om daarby te voeg.

85 Party van hulle sê: "Waarom kry jy dan nie vir jou 'n kerk waarnatoe groot groepe intelligente mense kom, welgeklee en goed versorg, en wat jou goed kan betaal, en sulke dinge; en die Evangelie preek nie? Waarom preek jy vir 'n klomp arm mense, dat jy half verhonger is, ensovoorts, en alles soos hierdie?" Hulle sê dit vir die predikers wat vir Waarheid staan. Maar, o, broer, ek

kan jou nie sê nie! "Wil jy nie 'n intelligente skare kry, iemand wat hulle ABC's ken nie?"

86 Dit maak geen verskil watter soort skare dit is nie. Hulle wat gewillig is om Christus te ontvang, Christus doen iets met hulle; dis—dis daardie skare. Dis daardie persoon wat miskien nie sy ABC's ken nie; maar as hy nie, ken hy Christus, en dis die verskil. Sien, dis—dis nie die—die—die stand, die blou-bloed wat jy aanspraak maak om te hê nie. Dis die Bloed van Jesus Christus wat—wat ons anker en ons vestig in Hom.

87 Kom ons noem net nog een, terwyl ons besig is. Job, ek hou daarvan om oor Job te praat. Hoe daardie man 'n Trooster gehad het! Wat was sy Trooster? Die Woord van God! God het hom vertel dat hy sou—hy regverdig sou wees, solank hy daardie brandoffer geoffer het. Job het plegtig op daardie brandoffer berus. Maak nie saak hoe hewig die storms gekom het, hoeveel sere uitgekom het, hoeveel goed van hom af weggeneem is nie, hy het steeds op God se Woord gestaan. Dit was 'n Troos vir Job.

88 Toe sy mense gekom het, die kerke, en hom pro—probeer versoen het, en sê: "Kyk hier, Job, kyk hier, jy weet dat jy gesondig het. Jy weet dat jy verkeerd gedoen het. Hoe sou God ooit 'n regverdige man soos daardie gestraf het, alles neem wat hy gehad het, sy kinders geneem het, sy huis opgebreek het, al hierdie dinge gedoen het, en jou gesondheid afgebreek het? En hier is jy, wat hier sit, 'n ellendige sukkelaar. Hoe kan . . . Hoe kan jy jouself regverdig, Job, deur te sê dat jy 'nie 'n sondaar' is nie?"

89 Maar Job het geweet hy was nie 'n sondaar nie, want hy het op die Woord gestaan! Amen. God het daardie brandoffer en 'n —'n belydenis vereis, en Job het sy belydenis gemaak en op die Woord gestaan. En hy het uitgeroep te midde van sy probleme: "Ek weet my Verlosser leef, Amen; in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. En al sou die velwurms hierdie liggaam verteer, tog sal ek God in my vlees sien." Sien, sy troos was God se belofte, God se Woord.

Dis die erfenis wat ons het, God se Woord. Dis die belofte. Ja, meneer.

90 Abraham, ons het vanmôre oor hom gepraat. Ek wil hom graag weer terugbring, net vanaand, as nog 'n getuie. Wat 'n troos het Abraham gehad, terwyl mense hom dalk 'n fanatikus genoem het. Toe alles verkeerd gegaan het met Abraham, wat sou hulle sê? "Waarnatoe gaan jy, Abraham, met daardie klein seuntjie?"

"Gaan op om hom te gaan offer."

"Waarom?"

91 "Wel, as Hy Jehova is, toe Hy met my gepraat het; die Almagtige God, die El Shaddai, die Boesem; toe ek 'n honderd jaar oud was, en my vrou was negentig, en Hy vir my hierdie kind

gegee het; nou, as daardie selfde God die lewe van hierdie kind vereis, ek het hom ontvang soos een uit die dood, het ek vertroue dat God in staat is om hom uit die dood uit op te wek." Hoekom? Dit was sy troos.

92 Julle weet Job het gesê, in sy tyd: "Al maak Hy my dood, tog sal ek Hom vertrou." Hy is geanker in die Woord. Hy het geweet wat die Woord sê, en dit was sy troos. Dit was sy behoud, om hom te ontvang, om hom te hou.

93 En Abraham het geweet dat Hy God was. So as sy seun... Hy was dood, sy...Sara se skoot was dood, sy manlikheid was dood, en tog het God hom hierdie seun gegee, omdat Hy hom dit belowe het. En as dieselfde Woord wat hom dit belowe het, hom vertel het om "die seun te offer," het hy geweet dat God in staat was om hom uit die dood uit op te wek.

94 Nou, as God, Wat my opgewek het uit die dood uit, ek as 'n sondaar, dood in sonde en oortredinge; Hy het my siel verkwik; Hy het iets aan my gedoen; Hy het iets aan jou gedoen; Hy het daardie gees van die wêreld van my af weggeneem; Hy het daardie begeerte van die wêreld weggeneem; Hy het my opgelig bokant daardie skaduwees uit; en Hy het my die doop van die Heilige Gees gegee; as my God dit kan doen, kan die dood my nie van Hom skei nie! Nee, meneer! Daar is niks wat my kan skei nie. Dis die troos. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe." Dis reg! Ek weet! "Hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het die ewige Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

95 As God my kon neem toe ek onder in modder en sonde was, en my kon oprig, om my 'n Christen te maak; as God my kon neem toe ek verward en benoud, en in die toestand was waarin ek was, 'n ellendige sukkelaar, en my oprig, om vir my die hoop van die Ewige Lewe te gee, en om my te doop met die Heilige Gees, en my te vul met Sy krag en heerlikheid; dan is Hy in staat om my deur die dal van doodskaduwee te neem, en my in die Heerlikheid te ontvang aan die ander kant. Want Hy het dit belowe, dis ons troos.

> Op Christus, die vaste Rots, staan ek;
> Alle ander grond is dryfsand.

96 Die Hebreeuse kinders, toe hulle na die vuuroond gegaan het, soos ons vanmôre gepraat het, toe hulle na die vuuroond toe geloop het, om hulle lewe te gee, hulle het hulle standpunt ingeneem, soos ons vanmôre van gepraat het. Maar wat het met hulle gebeur? Hulle het gesê: "Ons God is in staat." Amen. Net daar het hulle gestaan! Waarop het hulle gestaan? Wat was hulle troos? Binne 'n paar minute sou hulle verbrand word. Die vuuroond was sewe maal warmer gemaak as wat dit ooit warm gemaak is. Maar hulle het troos gehad! Hoekom? In hierdie wete, dat: "Ons God in staat is om ons uit daardie kwaai vuur te

verlos." Hulle, hulle troos, was om te berus in die vermoë van die God wat hulle gedien het. O, goeiste!

97 Berus op Sy vermoë! Dis my hoop en behoud. Ek berus op Sy vermoë. Ek berus op Sy genade. Nie op wat ek is nie; wat Hy is. Ek berus op Sy belofte, want Hy het die belofte gemaak en Hy het gesweer by die belofte. En ek weet dat ons die Ewige Lewe het. Dis reg.

98 Hy het daarop berus. Die Hebreeuse kinders het gesê: "Hy is in staat om ons te verlos. Nietemin, as Hy dit nie doen nie, sal ons nooit voor jou beeld buig nie." Ek hou daarvan. Ja, meneer.

99 Al weier Hy my aan die einde van die pad, kan enige Christen sê, al werp hy my in die Ewige skeiding in, het ek Hom steeds lief, Hy is steeds myne. In die hel, ek steeds kan dink soos wat ek nou dink, sal ek Hom steeds liefhê. Soos die eeue aanrol, het ek Hom steeds lief; want iets het in my hart gebeur, iets het plaasgevind. "En as ek 'n lewe gehad het, of as ek drie gehad het; soos die Here Jesus Christus, wil ek graag wees." Dis reg, want iets het gebeur. Hy is my Lewe. Hy het na my toe gekom.

100 Moses het geweet. Toe Moses daardie verantwoordelikheid van tweemiljoen mense gehad het, toe hy hulle uit Egipte uitgelei het, hoe sou hy hulle voed? Tweemiljoen mense, met die—die vroue wat 'n bietjie gekniede brood op hulle kop gedra het, vir veertig jaar se reis, hoe gaan hy hulle voed? Hoeveel babatjies kan elke nag gebore word, in 'n groep mense soos daardie? Hoeveel oues en swakkes? Hoeveel klere sal hulle opdra? "Waar sal hulle klere kry? Waar sal ek hulle voed? Ek het na hulle toe gekom, as 'n leier. Hoe sal ek in staat wees om dit te doen?"

101 Moses het hierop berus: want, God het gesê: "Ek sal beslis met jou wees." Dis sy troos: "Ek sal beslis met jou wees!" Dis al wat hy nodig gehad het, dat, Moses het berus op die troos van God se belofte: "Ek sal beslis met jou wees, Moses." So, dan, hang dit nie van Moses af om toe te sien dat hulle gevoed word nie.

"Hoe gaan U dit doen, Here?" Moses het nie daardie vraag gevra nie.

102 Dis nie my besigheid om die vrae te vra nie. Dis nie julle besigheid om die vrae te vra nie. Dis ons besigheid om Hom te glo en Hom te gehoorsaam, en gemaklik te voel terwyl ons berus op Sy belofte. "God het so gesê. Dit handel dit af."

103 Iemand het eenmaal vir my gesê: "Broer Branham, is jy nie bang as jy daar na die preekstoel toe gaan, en geroep word tot 'n konfrontasie nie? Is jy nie partymaal bang, terwyl jy in daardie ry staan, daar sal 'n fout wees nie?" Nee, meneer!

104 Ek's nie bang nie, want berus plegtig op Sy Woord: "Ek sal met jou wees," toe Hy vir my daardie nag gesê het: "geen mens sal voor jou staan, al die dae van jou lewe nie," het Hy gesê: "Ek sal met jou wees." En Hy het elke vyand afgesny. Hy het by my

gestaan toe ek nie verdien het om bygestaan te word nie. Maar, omdat Hy dit belowe het, as gevolg van Sy genade, het ek plegtig op daardie Woord berus. Reg! Omdat Hy dit belowe het! Hy het dit belowe, Hy is in staat om te hou wat Hy belowe het. Dis reg.

Moses het dit geweet. "Hoe gaan jy oor die see gaan?"

Moses het gesê: "Ek weet nie, maar Hy het belowe Hy sou met my wees."

105 So, moet nooit die brug oorsteek tot jy daarby kom nie. Bly by God se Woord, en God sal die weg oopmaak, want Hy is die Weg. Ja. Moses was vertroos deur die Woord wat God tot hom gespreek het.

106 Nou, Johannes; ek dink ons het na hom verwys vanmôre, ek's nie seker nie, maar ek ve-. . . dink ons het na Johannes die Doper verwys. Buite in die woestyn, as iemand, toe hy opgekom het op die. . . Gesê: "Kyk hier! Daar is meer as tweemiljoen mense in Israel vandag. Hoe sal jy hierdie Messias ken? Hoe sal jy weet?"

"Hy sal 'n gewone Man wees. Hy sal een van die seuns van Dawid wees."

107 "Waardeur sal Hy kom, die nageslag van Dawid? Daar is duisende der duisende van hulle. Hoe sal jy Hom ken? Hoe sal jy in staat wees om Hom bekend te stel aan die wêreld, en weet dat dit Hy is?"

108 Hy het gesê: "Ek het die Woord van God. Ek sal Hom ken!" Hy het gesê: "Daar is Een wat nou in julle midde staan." Amen. "Daar is Een wat nou in julle midde staan, vir Wie julle nie ken nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en Vuur."

"Hoe sal jy Hom ken, Johannes?"

109 "Ek berus op die Woord van God. Want God, wat in die woestyn, vir my gesê het om te 'Gaan doop met water,' het gesê: 'Op Wie ek die Gees sal sien neerdaal en vertoef, dis die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur.'"

110 Johannes het gesê: "Hy het daar gestaan, maar ek het Hom nie geken nie. Hy was 'n gewone Man. Hy was geklee soos die mense, hy het gelyk soos die mense. Hy was 'n Man!" Gesê: "Ek het Hom nie geken nie. Maar die Een het vir my in die woestyn gesê. 'Jy sal 'n teken sien, en dit sal die Gees wees wat op Hom rus. Hy sal die Een wees wat dit sal doen.'" Johannes was nie bang hy sou 'n fout maak nie; want, hy het Hom geken! Amen.

111 O, hoe kan ons dan verkeerd wees, wanneer Jesus gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, en praat in nuwe tale; slange opneem of iets dodeliks drink, sal hulle geen skade aandoen nie; en hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word."

112 En die mense van hierdie dag vind dat hulle daardie krag verloën. "Het 'n gedaante van godsaligheid, maar verloën die

krag van die Heilige Gees." Sekerlik, dit word openbaar gemaak sodat ons dit kan sien.

113 Ons word vertroos, omdat God se Woord dit gespreek het en vir ons gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hy het gesê daar sal kritici opstaan; hulle sou hierdie dinge sê; so dit behoort ons meer te troos daaroor, omdat ons die Woord van God het, dis reg, wat vir ons hierdie dinge vertel.

114 O, ja. Johannes het Hom geken, want Hy het die Woord van Sy belofte gehad. God het hom belowe. Gesê: "Ek sal vir jou 'n belofte maak, Johannes. Jy sal daarbuite besig wees om te preek, gaan reguit voort en preek net en laat die spaanders val waar hulle wil. Wanneer Fariseërs en Sadduseërs en al die organisasies opkom, moenie met hulle saamwerk nie. Moenie by enige van hulle aansluit nie, staan net daar en lê die byl teen die wortel van die boom."

115 En toe hulle gekom het, het hy gesê: "Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug vir die oordele wat aan die kom is? Moenie begin sê, dat: 'ons het *hierdie* in ons organisasie, ons het vir Abraham as ons vader' nie. Want God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig."

Hy was vertroos, toe hulle, iemand mag gesê het: "Wag 'n bietjie. Daar is die hoëpriester aan die ander kant."

116 "Hoëpriester of geen hoëpriester nie, biskop of geen biskop nie, koning of geen koning nie"; daar's Herodus wat daar oorkant sit, en Johannes het gesê: "Dis nie wettig vir jou om Filippus se vrou te neem en saam met haar te lewe nie." Amen.

117 Wat het hy gehad? Die Woord van God. Amen. Hy het nie omgegee nie, hy het Dit onverskrokke gepreek. Hy het die Woord gehad; dit was sy Troos. "God het vir my gesê Wie daardie Messias sou wees."

"Wel nou, as daar enige Messias gaan wees, dink jy nie dit sal ons hoëpriester wees nie? Dink jy nie hy sou daarvan weet nie?"

118 "Ek weet nie daarvan nie. Maar God het vir my gesê, ek sal 'Die Gees sien neerdaal. Dit sal op Hom rus. Hy sal daardie Een wees.' Amen! Dit sal my Messias wees." Johannes het gesê: "Ek het 'n troos in my hart, terwyl ek wag, want ek ken God se belofte. Wanneer ek Hom sien, sal ek Hom ken."

119 Eendag, het Lasarus en Jesus teen die heuwel afgeloop gekom, teen die heuwel afgeloop, om te wees. . . Reguit in die water ingeloop.

120 En Johannes het gesê: "Kyk, daar is Hy! Dis Hy!" Almal het rondgekyk, hulle kon nie die een van die ander onderskei nie. Hulle het almal dieselfde gelyk, met hulle baarde en kleed. Maar Johannes het gesê: "Ek ken Hom, want daar is 'n teken wat Hom volg. Ek ken Hom. Dis Hy. Aanskou die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem."

121 Jesus het nooit Sy kop opgelig nie, maar reguit na die rivier toe geloop om gedoop te word. "So pas dit ons om alle geregtigheid te vervul." Hy het geweet Hy was die Messias, want in sy hart het hy God se Woord en belofte gehad.

O, hoe ons kan rus vanaand!

122 Hoedat wanneer die dokter die bed verlaat, en gesê het: "Daardie hart is net gedaan. Daardie pols is weg. Die asemhaling word swak. Hy is sterwend."

123 "Maar ek weet Wie ek geglo het, en ek's oor-. . .ten volle oortuig Hy is in staat om dit te bewaar wat ek aan Hom toevertrou het tot dié dag toe." Halleluja! Sekerlik, jy het die belofte van God: "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Ons het die belofte, God se Woord. Dis 'n troos vir ons, om te bly by God se Woord.

124 Nou al hierdie groot helde, wat ek baie van hulle hier neergeskryf het, maar om tyd te bespaar, weet ons dat hulle vertroos is deur God se Woord. Hier is wat hulle gedoen het. Hulle het teruggekyk, soos, een sou terugkyk en sien wat, die ander een die Woord gehou het en vertroos was, en uitgekom het. En dan het *hierdie* ander een, hy het teruggekyk en gesien wat *hy* gedoen het, so hy het die Woord gevolg en uitgekom; is vertroos, in die wete dat hy God se belofte gehad het. Die volgende wat gekom het, hy het die Gees op hom gevoel, en geweet; so hy het God se Woord gevolg, het die troos gehad wat hy gehad het. Elkeen van hulle wat God se Woord gevolg het! Dit was 'n troos.

125 O, broer, luister nou hierna: Eendag het daardie Woord vlees geword. Dis reg. Daardie Woord het vlees geword in die vorm van 'n man. Die Woord van God, wat troos gebring het, het 'n Man geword hier onder ons. Ons kon die Woord van God met ons hande hanteer. Ons kon handskud met die Woord van God. Hy was die Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Daardie Woord van God het vlees geword, die Trooster. Hy het hier op aarde gelewe. Ons sien dat Hy die Woord was. Hy het opgetree soos God. Hy het gelyk soos God. Hy het gepreek soos God. Hy het genees soos God. Hy was God, in elke opsig was Hy God! Hy het gepraat soos die Woord. Hy het gelyk soos die Woord. Hy het gepreek soos die Woord. Hy was die Woord! Amen.

126 O, wat 'n troos dit sou gewees het om by Hom te kon gaan sit! Sou julle dit nie graag wou doen nie? Julle sê: "O, ek sou beslis, Broer Branham." Net 'n oomblik. Wel, ek sou na Hom toe gehardloop het, langs Hom gaan sit het, toe Hy hier op aarde was!

127 Daar was nooit 'n mens wat ooit in Sy skoenleer kon staan, ooit op die aarde kon staan, en sê: "Ek is die Opstanding en die

Lewe," by die graf van Lasarus nie. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe." O, goeiste! Wie was dit? Wat was dit? Dit was die Woord. Hy was die Woord. Geen wonder Hy kon daar staan en die trane uit Sy oë vee, soos 'n Mens; en kon praat met 'n man wat dood was, vier dae in die graf was, en sê: "Lasarus, kom uit!" nie. Wat was dit? Dit was die Woord. Amen! Dit was die Woord in aksie. Hy was die Woord. Dit was die Woord wat na die profete toe gekom het. Dit was, elkeen van die profete het Hom voorspel.

128 Stefanus het gesê, vir die Sanhedrinhof: "Watter een van julle vaders het hulle nie vervolg wat Hom sien kom het, die Reverdige Een vooruit gesien het, wat gesê het Hy sou kom nie? Watter een van julle vaders het Hom nie vervolg nie? Nou het julle die Prins van die Lewe geneem, en Hom doodgemaak." O, goeiste! "Julle het die Woord van die Lewe geneem, want Hy was die Woord!"

129 Daar is Hy, die Woord was onder hulle. Hulle het Hom sien loop na die graf van die dooie toe. Hulle het Hom die vrou van Nain daaronder sien stop, toe die begrafnisstoet, en haar enigste seun, 'n lyk, gebalsem, op pad na die graf. Maar daardie lyk het in kontak gekom met die Woord. Al was hy 'n lyk, tog het hy gelewe!

130 "Al was hy dood, tog sal hy lewe." 'n Lyk het gelewe, omdat dit in kontak gekom het met die Woord. O, wat Dit sal doen, wanneer in kontak met daardie Woord! Dis die troos.

131 O, eenkeer, het manne dit gesien, 'n klomp Galiliërs, miskien vissermanne, en hulle het 'n arme ou man gehad wat so siek was dat hy skaars uit sy bed uit kon kom, en hulle het probeer om hom by die Woord te kry. En hulle kon geen plek kry nie, want daar was baie wat gehonger het na God. En die huis was vol, die klein huisie, vissermanshuisie onder by die rivier. Hulle het 'n paar teëls bo-op gehad. En om hierdie man voor die Woord te kry, het hulle nie gedink aan die prys wat dit hulle sou kos nie. Hulle het die dak opgebreek, enigiets, net sodat hulle in kontak kon kom met die Woord. En net sodra Hy, die Woord, die bed sien kom, afsak het, het Hy gesê: "Jou sondes is jou vergewe, seun. Neem op jou bed, en gaan huis toe." Hoekom? Hy was in kontak met die Woord. Sien, hy het Dit geglo.

Nou, as hy gesê het: "Maar, jy weet, ek het al hierdie jare hier gelê, ek kan dit nie doen nie." Dit sou hom glad nie gehelp het nie.

132 Maar toe hy kontak gemaak het met die Woord, het hy die Woord ontvang, het die Woord met blydskap ontvang. "Ek glo Dit. Ek weet dat Dit so is. Ek weet Hy is die Woord." Daarom, net sodra hy kontak gemaak het met die Woord, het hy sy bank opgetel en aangestap.

Die Fariseër het gesê: "Hierdie man is godslasterlik. Hy vergewe sondes."

Gesê: "Wat is makliker om te sê: 'Jou sondes is jou vergewe,' of 'Neem op jou bed, en loop'?" Uh-huh. O, goeiste!

Hulle het nie gesien Wie Hy was nie. Hy was die Woord.

Watter troos vir daardie Galilieërs! Hoe hulle Hom geglo het! Hoe hulle Hom liefgehad het!

133 Nou, eendag het hulle Hom na Golgota toe sien gaan. Hulle het Hom hoor sê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie." O: "Ek's die Seun van die mens, moet na Jerusalem toe gaan, om in die hande van sondige mense oorgelewer te word om te kruisig, en te sterf." Hoe kon hulle dit verduur? Hulle harte was gebroke. Hulle was depressief. Hulle, hulle was almal droefgeestig. Hoe kon hulle Hom ooit opgee? Want, die Woord wat die profete gespreek het, die Woord wat die wysgeërs, en al die groot heilige manne tot aan die einde, die begin van die wêreld af, het gepraat van daardie Woord, en hier was Dit onder hulle.

134 Maar dan, kyk watter belofte het Hy gemaak! "Ek sal julle nie sonder 'n trooster los nie. Ek sal julle nie sonder 'n trooster los nie. Ek sal bid tot die Vader, en Hy sal vir julle 'n ander Trooster stuur, wat die Heilige Gees is, en Hy sal tot in ewigheid by julle bly; selfs die Gees van Waarheid, vir Wie die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie ken nie. Dit sien Hom nie, en dit ken Hom—ken Hom ook nie. Maar julle ken Hom! Julle ken Hom, want Hy is met julle, en Hy sal in julle wees."

135 Daar is Dit! En hoe lank gaan Hy bly? Tot in ewigheid! Wat is die Woord van God dan? Wat is ons troos vandag? Dis wanneer ons die doop van die Heilige Gees ontvang, en die krag van die lewende God wat in ons woon. En dat by die Woord van die lewende God, staan ons, daardie Woord het vleesgeword en onder ons gewandel. Nou het daardie selfde Woord, wat vlees geword het en onder ons gewandel het, ons vlees geword. "Hy is nou met julle, maar Hy sal in julle wees." Nou daardie selfde Woord wat die profeet gespreek het, daardie selfde Woord wat vlees geword het, daardie selfde Woord woon in die Kerk. Daarom, as ons nie toegee op daardie Woord nie, ons reg Daarby bly, as ons nie toegee Daarop nie, sal daardie selfde Woord wat in julle woon, dieselfde ding voortbring wat Dit het, toe Dit vlees geword het, want *julle* vlees huisves Dit.

136 Dis hoekom visioene deur die klankgrens kan breek. Dis hoekom visioene deur die tydsgrense kan breek, en sê: "SO SPREEK DIE HERE, dit sal *so-en-so* wees." En dis hoe dit is. Wat is dit? Dis die Woord wat van 'n Gees af kom.

137 Julle sien my nie, julle sien my liggaam. Julle sien my nie. Ek sien julle nie, want ek sien net julle liggaam. Hierdie is my hand, maar wie is ek aan wie die hand behoort? Hierdie is my liggaam, maar wie is ek? Dis 'n gees.

138 En as ek wedergebore is, as jy wedergebore is, is dit God se Heilige Gees, God se Woord wat in ons woon. En as ons toegee op hierdie Woord, en sê dat ons die Gees van God het, hoe kan ons aanspraak maak om God se Gees te hê? Wanneer God se Gees getuig van Sy Eie Woord; Hy sal nooit 'n duim Daarvan af wegbeweeg nie. Maak nie saak wat denominasies sê nie! Hoe gaan Hy wegbeweeg Daarvan af, wanneer Dit Sy Eie Woord is?

Die belofte: "Ek sal met julle wees; die Trooster." Hy het gesê: "Ek sal die Trooster stuur."

139 En hulle het vergader in die bo-vertrek, en hulle het daar gewag tot die Dag van Pinkster. En toe die Heilige Gees gekom het, net presies wat die Woord gesê het Dit sou doen. Dit het presies gedoen wat God gesê het Dit sou doen. In Jesaja 28, of 28:18, of, ja, ek dink dit is Jesaja 28:18 en 19. Dit het gesê: "Gebod moet op gebod wees; reël op reël op reël; hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Want met lippe wat hakkel en 'n vreemde tong sal Ek met hierdie volk spreek." Dis wat Hy gesê het Hy sou doen. Paulus het Daarna verwys, in die Sendbriewe: "Deur mense met ander lippe sou Hy met die volk praat." En toe die Heilige Gees gekom het, het Dit presies volgens die Woord gekom.

140 Glorie! En wanneer Dit weer kom, en wanneer Dit in 'n Kerk inbeweeg wat wedergebore is, sal Dit met die krag en demonstrasie van Sy Wese kom. God se Woord, die Trooster in ons, wat die presiese ding voortbring!

141 Ek het onlangs met 'n prister gepraat, hy het gesê: "Wel, jy is net 'n Bybelleraar." Gesê: "Jy, jy bly net by die Bybel." Gesê: "Dis die geskiedenis van die Katolieke kerk."

Ek het gesê: "Dan maak julle aanspraak dat julle vandag groter is?"

Hy het gesê: "Sekerlik, ons verander wat ons wil, jy sien, want dit word gedoen deur 'n—'n kerk, gesag wat vir 'n kerk gegee is."

Ek het gesê: "Iets het gebeur! Want, in die vroeë dae, het julle tekens en wonders en wonderwerke gehad, dat die Heilige Gees met julle was."

142 Die vroeë katolieke Kerk het in tale gepraat. Die vroeë katolieke Kerk het geprofeteer; hulle het profete gehad. Die vroeë katolieke Kerk het al hierdie wonderwerke gedoen. Hulle het die siekes genees. Hulle het die dooies opgewek. Hulle het geskree, hulle het gegil, hulle het opgetree soos maniakke. Hulle het gedans in die Gees. Hulle is "mal" genoem.

143 Maar julle het te styf geword vandag, julle Katolieke. Sien, julle het die nuwe mode gevolg. Dis tyd dat die Katolieke kerk teruggegaan het na waar dit begin het dan; daardie tyd toe julle saam met Jesus van Nasaret gewandel, en die Woord vlees geword

het. Julle sien, julle het 'n klomp priesters en pouse, en dinge daarbinne, wat daardie Woord verander en Dit verdraai het, en daar is geen krag meer in die kerk nie. Dis net 'n organisasie, soos Metodis, Baptis, Presbiteriaans, en Pinkster, dis dieselfde ding; dis 'n organisasie. Kom ons kom weg van hierdie organisasie af.

144 Moenie julleself opsluit in die selle van een of ander organisasie, soos 'n kelder iewers, van ongeloof, om God se Woord te ontken nie. Ek gee nie om wat enige biskop of enigiets sê nie. Laat die Woord in jou inkom, wat vlees word deur die krag van die Heilige Gees, en *jou* vlees oorneem en jou beheer, getuig deur jou, die werke en die magtige kragte van die lewende God. Dis reg. Maak nie saak wat die kerke gesê het nie. Daardie denominasies sit jou net in die kelder, en jy verberg hulleself van die salige Seunlig. Ek weet dat dit die Waarheid is. Wil jy in die kelder bly? Niemand wil nie. Moenie in daardie kelder ingaan nie. Kom uit in die Seunlig! Kom uit waar, die Woord, jy die Woord kan neem en die Woord glo, en die Woord sal Ditself aan jou manifesteer, en Ditself deur jou manifesteer; Sy Woord manifesteer, laat plaasvind!

145 As ons verwag dat God Sy Woord moet hou, as ons verwag dat God vir ons die goed moet doen waarvoor ons vra, sal ons nooit in staat wees om dit te doen tot ons terugkom en gehoorsaam wat God gesê het om te doen nie. Ons moet teruggaan waar ons afgewyk het. Ons moet teruggaan na Pinkster. Ons moet teruggaan na die Trooster. Ons moet teruggaan na die Heilige Gees, wat ons Troos is. En wanneer die Heilige Gees kom, sal Dit nooit enige Woord ontken wat Dit ooit gesê het nie. Dit sal reg by daardie Woord bly, want Dit is die Woord. Amen.

146 Geen wonder ou blinde Fanny Crosby wat nooit daglig gesien het nie, hulle het haar gevra wat sy dink van Christus, sy het gesê:

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op die aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel behalwe U?

Die Trooster is hier, die Trooster het gekom!
O versprei die nuus, oral waar die mense is:
Die Trooster het gekom!

147 Wat is dit? God se Woord geanker in *jou* vlees, wat vir jou die Ewige Lewe gee, wat vir jou die opstandingskrag gee om jou uit die dinge van die wêreld te bring, uit blinde tradisies van die mens, om in die Seunlig van die gesondheid van God te wandel. Dis wat die Trooster doen. Dit lig jou uit daardie keldertoestand uit. Dit bring jou op in die Teenwoordigheid van God, en gee vir jou 'n ondervinding met God, dat jy kan uitroep saam met Job, van ouds: "Ek weet my Verlosser leef!"

148 Dan, as ons Sy Woord sien, en ons weier om te wandel in die Lig soos wat Hy in die Lig is, dan word ons gemeenskap met God

afgesny. Maar wanneer ons die Lig sien en wandel in die Lig, soos wat Hy in die Lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig ons van alle sonde.

149 Ons maak gereed om, binne 'n paar minute, daardie brood te breek, daardie kosjerbrood wat daardie Woord verteenwoordig. Julle moet nooit vergeet: Die troos, die stroom van al my troos, die stroom van my troos vanaand, is, ek weet dat God Sy Woord hou. Ek weet dat iets met my gebeur het. Ek weet dat ek oorgegaan het uit die dood in die Lewe. Ek weet dat ek Sy Gebooie bewaar. As ek. . . "As julle My liefhet, bewaar my Gebooie," het Hy gesê. "As julle My liefhet, doen wat Ek vir julle sê om te doen! Laat elke mens se woord 'n leuen wees; laat Myne Waar wees." Moenie volg wat die mens gesê het nie. Volg wat God gesê het, en daar sal julle die Trooster vind. En die troos bring vir jou die satisfaksie, om te weet, dis SO SPREEK DIE HERE.

Kom ons buig ons hoofde.

150 Groot, Magtige Jehova! Soos Fanny Crosby, wat ek 'n paar oomblikke gelede aangehaal het, gesê het: "U, die Stroom van al my troos!" Waarlik, Here, ek sluit aan by haar vanaand, saam met hierdie kerkie, deur te sê: "U, die Stroom van al my troos!"

Ek hou, onder my hand, 'n paar sakdoeke van die siekes, Here. Hulle gaan na hulle toe wat siek is. Ek bid, Vader, dat U hulle sal genees.

151 U's die Woord. En die Woord kom onder ons, die Woord woon in ons. "Ek sal julle nie sonder troos agterlaat nie. Ek sal weer kom. 'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal in julle wees tot aan die einde van die wêreld." Hoe ons U dank daarvoor, Here!

152 Om U krag reg af te sien kom in 'n—'n sondaar se lewe, in 'n armsalige vrou in, 'n meisie wat oor die sedegrense getrap het, van sedelik na onsedelik; 'n seun wat gekom het van ordentlikheid, na 'n dronk stadium, sigaret-suig; na 'n vrou wat haarself onsedelik gemaak het met 'n gees, wat ou vuil klere aangetrek het, om haarself voor mans te wys: Om daardie vrou te sien opstaan as 'n dame! Om daardie seun daardie sigarette en drank te sien neerlê, vorentoe tree en 'n heilige van God word, 'n prediker op die preekstoel! Here God, ons weet U groot krag kan alle dinge doen. Om daardie skaduwee van 'n man daar te sien lê, opgevreet deur kanker, sterwend; daardie blinde man wat daar oorkant staan; hulle te sien terugspring tot die lewe en leef! O, daardie Woord van die lewende God! Hoe ons U dank, Here!

U is die Stroom van al ons troos. Ek's so bly, vanaand, dat die Trooster gekom het met 'n belofte: "Ek sal vir altyd by julle bly."

153 En die groot apostel vir wie die sleutels van die Koninkryk gegee is, het gesê, op daardie Dag van Pinkster: "Hierdie belofte kom julle toe, en julle kinders, en almal wat daar ver is, dié wat die Here onse God sal roep." Dan, weet ons dat daardie selfde

Trooster kom. En ons weet dat Hy ons Verlosser is, vanaand, want Hy wys Homself onder ons, soos Hy toe het. Dis hoe ons Hom ken, want Hy glo en tree volgens elke Woord op wat Hy ooit gespreek het. Hy kan Dit nie terugtrek nie, want Hy is God. Ons dank U hiervoor, Vader.

154 En ek bid dat U elke hart hier sal troos, vanaand. Troos daardie mense. Gee hulle van U Gees. Genees die siekes en beproefdes. O, neem daardie depressiewe vrou, daardie depressiewe man, seun of meisie, en mag hulle wegkyk vanaand, van hulle sondes, mag hulle wegkyk van die dinge van die wêreld, na Jesus Wat belowe het dat Hy by ons sou bly. En die werke wat Hy gedoen het, sou ons ook doen, omdat Hy sou kom in die vorm van die Heilige Gees, om die blywende Trooster te wees, om tot in ewigheid by ons te wees. Vader, skenk daardie seëninge. Genees die siekes, bid ek weer, Vader. Baie van hulle is siek en behoeftig.

155 Nou kom ons by die nagmaaltafel, om daardie pakkies te neem wat vir ons nagelaat is, 'n opdrag: "Doen dit totdat Hy terugkeer." Ons is dankbaar vir hierdie dinge, Vader. En ons bid dat in Jesus' Naam, dat as daar 'n verswakte persoon onder ons is vanaand, wat na hierdie nagmaaltafel toe kom. . .

156 Here, ek kan net daardie bewende ou moeder van my in die paadjie sien oploop daar, die laaste keer wat sy hier was om daardie nagmaal te neem, hoe haar ou bewende handjies geskud het bo daardie bordjie. Ek het haar hier gestaan dophou, met trane wat in my hart geval het. Maar daar lê sy vanaand, om Golgota te trotseer. O God, hoe dankbaar is ek! U het gesê: "Hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het die Ewige Lewe. En Ek sal hom weer oprig in die laaste dag."

Here, dis die Woord. Dis hoekom ek kan staan en sê: "Ek glo God!"

157 Nou, Vader, ons besef dat toe hierdie die eerste keer beveel is, destyds daar in die woestyn, en destyds in Egipte, die pasgalam geslag was. Hulle het veertig jaar gereis, en daar was nie 'n verswakte onder die tweemiljoen wat uitgekom het nie. U het hulle in gesondheid gehou terwyl hulle die Pasga geneem het. O God, genees elke siek persoon wat vorentoe kom. Skenk dit, Here. Red elke sondaar. En vul elke gelowige met die Heilige Gees. En mag die Trooster bly tot Hy weer vlees word onder ons in die Persoon van Jesus Christus. Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op. . .

158 Het julle Hom lief? Kom ons sluit ons oë, steek ons hande op en sing dit uit ons hart uit.

Ek. . .ek. . .
Omdat Hy my eerste liefgehad het

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

159 Nou daar sit 'n soldaatreisiger langs jou, 'n broer of suster wat op die pad is. Hulle reis op dieselfde pad wat jy volg. Hulle het Hom lief vir wie jy liefhet. Terwyl ons hierdie, *Ek Het Hom Lief* sing, laat dit 'n getuienis wees. Kom ons skud iemand se hande, naby jou, soos daardie. Nou terwyl ons dit weer sing, net in aanbidding, julle weet. Ek hou net hiervan, na die Boodskap. Paulus het gesê: "As ek sing, sal ek in die Gees sing." Skud net iemand se hand, reik uit en sê: "God seën jou."

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Ek het Hom lief. . .

Sing dit nou in die Gees!

. . .Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

160 Almal saam nou, met ons hoofde gebuig:

Onse Vader Wat in die Hemel is, Laat U Naam geheilig word.
Laat U Koninkryk kom. U wil geskied, soos in die Hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergeef ons van ons skulde, net soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose; Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

161 O Ewige God, Outeur van die lewe en Gewer van alle goeie gawes, reinig ons onrein harte, Here. Mag die Engel van die altaar af kom, met die tang en met 'n vuurkool, en ons lippe en ons harte aanraak, en reinig ons gedagtes en ons verstand, en ons siele; dat wanneer ons hierdie kosjerbrood sal neem, dat ons dit ter nagedagtenis van ons Here sal doen. Want daar staan geskrywe: "Hy wat onwaardig eet en drink, is skuldig." O God, mag ons nie veroordeel word saam met die wêreld nie, maar mag ons gereinig word en geskei word van die wêreld, dat ons skynende Ligte mag wees, terwyl die Woord van God gemanifesteer word in ons lewens. Gebruik ons, as U diensknegte, Here. Gebruik ons, almal saam. Want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

162 Nou, vir hulle wat dalk moet gaan, en lang afstand het om te reis, vir julle sal ons 'n verdaging hê. En dan sal ons net reguit oorgaan na die nagmaal, dadelik, vir hulle wat graag wil bly en die nagmaal saam met ons wil neem. Maar as julle moet gaan . . . Ek weet dis nou, op my horlosie, vyf-en-twintig voor tien. Dit sal waarskynlik presies om tienuur wees voor ons klaar is met die nagmaal. En dan, onmiddellik daarna, het hulle voetewas. En as julle graag wil bly en hierdie saam met ons doen, sal ons so bly wees om julle hier te hê. Dankie weereens, vir alles wat julle vir die Koninkryk van God beteken het, en vir my en myne. God sy altyd met julle!

163 Ek wil daardie cowboytjie bedank, vanmôre, 'n klein kêreltjie omtrent soos *dit*, met 'n cowboyhoedjie op, wat daar uitgekom het en vir my 'n beursie gegee het, 'n klein sakboekie met my naam daarop gegraveer: "Eerw. William Branham," en 'n geskenkie. Ek weet nie wie die seuntjie is nie. Ek was so hartseer, vanmôre, dat ek vergeet het om die kêreltjie te bedank. Maar ek dank jou, skat.

164 En Billy het gesê dat baie mense hierrond vir hom klein geskenkies gegee het, om vir my te gee. Billy sal dit doen. So, baie, baie dankie. God seën julle ryklik! Onhou hierdie: "Insoverre julle gedoen het aan hierdie geringstes, My kleintjies, dit het julle aan My gedoen."

165 God seën julle altyd, is my gebed. En as julle nou moet gaan, wel, wens ons julle God se heel beste toe. En as julle by ons kan bly, sal ons bly wees om julle te hê.

166 Nou, gaan ons staan, een een versie sing van *Neem Die Naam Van Jesus Saam Met Jou*. Dan, sal dié wat moet gaan, verdaag word in gebed, onmiddellik daarna.

> Neem die Naam van Jesus saam met jou,
> Kind van droefheid en van wee;
> Dit bring troos en vreugde vir jou,
> Neem Dit oral met jou mee.
>
> Dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

167 Ons sal nog een versie sing, en dan gaan ek 'n predikertjie vra, ek dink hy's 'n Griek, wat ek 'n tydjie gelede ontmoet het. Ek kan nie nou aan sy naam dink nie. Broer Mamalis. Hy staan by ons, hier vanaand by ons. Ons is bly om hom te hê. Ek glo hy is 'n student van 'n sekere kollege. Ek dink ek het hom hier ontmoet nie lank gelede nie, 'n baie opregte broer wat sy verlossing probeer uitwerk met vrees en bewing. Hy kom van Griekeland af. Hy praat die taal vlot. En so is ons bly om broer vanaand by ons te hê. Ek glo jy is al die pad van Oregon, of, Kalifornië, of, Los Angeles af. Ons is bly om hom by ons te hê.

168 Nou, gaan ons nog een versie sing, hom tyd gee om homself te laat stil word. En dan sal hy ons verdaag in 'n woord van gebed, as jy sal, my broer. Goed.

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
Wanneer ons reis voltooi is hier. (Sal dit nie wonderlik wees nie?)

Dierb're Naam, (Dierb're Naam!) O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're. . . O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Laat ons nou ons hoofde buig. Goed, broer.

169 [Broer Mamalis bid—Red.] Ja. Waarlik. Ja, Here. Ja. Skenk dit. Ja. Skenk dit, Here. Ja. Skenk dit. Ja. Ja, Vader. Doen dit, Vader. Ja, Christus. Skenk dit, Here. Ja. Ja, skenk dit. Ja, Here. Amen.

170 Aan julle, nou, wat moet gaan, gaan julle net. . . julle wat wil verdaag; en julle wat wil bly vir die nagmaal kan maar sit.

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings. . . Hom,
Wanneer ons reis. . . (Gee weer vir ons daardie koortjie.)

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Vrede! Vrede! Wonderlike vrede,
Wat afkom van die Vader omhoog;
Spoel oor my gees vir altyd, bid ek,
In onpeilbare golwe van liefde.

Vrede! Vrede! Wonderlike vrede,
Wat afkom van die Vader omhoog;
Spoel oor my gees vir altyd, bid ek,
In onpeilbare golwe van liefde.

Te wees soos Jesus, te wees soos Jesus,
Op aarde verlang ek te wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

Uit Betlehem se krip kom daar 'n Vreemdeling,
Op aarde verlang ek te wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

Skyn op my, Here, skyn op my,
Laat die Lig uit die vuurtoring skyn op my;
O, skyn op my, Here, skyn op my,
Laat die Lig uit die vuurtoring skyn op my.

Kom ons steek ons hande op terwyl ons dit sing.

Skyn op my, o, Here, skyn . . . (Dis Geeslewe, dis Geeslewe.)
Laat die Lig uit die vuurtoring skyn . . .
O, skyn . . . Here, skyn op my,
Laat die Lig uit die vuurtoring skyn . . .

Te wees soos Jesus, te wees soos Jesus,
Op aarde verlang ek te wees ( . . . ? . . . )
. . . deur die lewe van aarde tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

O God!

Ons sal wandel in die Lig, die pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en ook snags,
Jesus, die wêreld se Lig.

Kom al julle heiliges van die Lig roep uit,
Jesus, die wêreld se Lig;
Dan sal die klokke van die Hemel lui,
Jesus, die wêreld se Lig.

Ons sal wandel in hierdie Lig, dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons bedags en ook snags,
Jesus, die wêreld se Lig.

171 Vader, ons dank U vir hierdie liedere. Ons glo dat hulle profesieë is. Ons dink aan hoe Jesus, toe Hy hier op aarde was, Hy terugverwys het na die Psalms. Hy het gesê: "Het Dawid nie *so-en-so* gesê in die Psalm nie?" Die inspirasie van die skrywer.

172 O, wanneer ons aan hierdie lied dink, *Ons Sal Wandel In Die Lig* of *Te Wees Soos Jesus* en hoe ons daarvan hou, want dit is ons groot verwagting. Dis ons motief en ons doelwit. Dis ons lewensbegeerte om soos Hy te wees. En dan in die finale opwinding dink ons aan die lied soos hierdie:

Daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees,
In daardie soet', soet' hiernamaals.

O, hoe ons daarvan hou. En wanneer die digter gesê het:

Jy't gehoor van kleine Moses in die riete,
En jy't gehoor van dapper Dawid en sy slingervel;

Jy't die storie gehoor van die dromer Josef,
En van Daniël en die leeus word dikwels vertel.
O, daar's baie, baie ander in die Bybel,
En ek moet sê ek wil hul graag ontmoet!
Binnekort sal die Heer ons aan hul voorstel
By die ontmoeting in die lug.

173 Maar wanneer ons by daardie plek kom waar dit sê: "Maar God se Eie Seun sal die Leier wees in die ontmoeting in die lug," verlang ons daarna, Here. Ons aanbid U nou. Met ons hele hart, bemin ons U: "U die Stroom van al ons troos."

174 Die deure van ons harte is gesluit vir die buitewêreld, ons stap nou na die nagmaaltafel. Ons kan ons Here vir Petrus hoor sê daardie nag: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie."

175 Hy het gesê: "Here, nie net my voete nie, maar ook my hande en my hoof." Hoe ons U dank vir hierdie opdrag, Here, dat ons saam kan gemeenskap hou. Reinig ons harte nou, Here, as daar sonde in ons midde is, neem dit weg, Vader.

176 Vergewe ons ons oortredinge, en ons vergewe ander wat teen ons oortree. U het belowe, Here, dat as ons ander sou vergewe, dat U ons sou vergewe. En Vader, uit die diepte van my hart, vergewe ek elke vyand. O, God. Ek kan na hulle toe gaan, liefdevol in my hart, en hulle voete was, enigiets doen wat ek kan, net sodat hulle nie daardie glorieryke soet hiernamaals mis nie. En ek voel dat dit nou die gevoel van elke hart hierbinne is, Vader.

177 Ons is saam vergader, die deure is gesluit, die gordyne is toegetrek en ons kom nou na hierdie heilige tafel. En terwyl ons hierdie opdrag lees, bid ons dat die Heilge Gees elke persoon sal seën, red en genees in Goddelike Teenwoordigheid. Ons vra dit in Christus se Naam. Amen.

178 Net 'n paar oomblikke gelede, toe ek my Bybel hier oopgemaak het om te lees, om Een Korinthiërs, 11de hoofstuk en die 23ste vers te vind, het dit net reg daarby oopgeval. Ek sal nou lees uit die groot apostel se geskrifte aan die Korinthiërs:

> *Want ek het van die Here ontvang . . . wat ek ook aan julle oorgelewer het, Dat die Here Jesus in die nag waar . . . Hy verraai is, brood geneem het:*
>
> *En nadat Hy . . . gedank het, het Hy dit gebreek, en gesê: Neem,* en *eet: dit is My liggaam, wat vir julle gebreek word: doen dit tot My gedagtenis.*
>
> *Net so ook die beker,* en *ná die ete, met die woorde, Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed: doen* julle *dit, so dikwels as* julle *daaruit drink, tot My gedagtenis.*

*Want so dikwels as* julle *hierdie brood eet, en hierdie beker drink, verkondig* julle *die dood van die Here tot Hy kom.*

Daarom *wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker*. . .*drink, sal skuldig wees aan die liggaam en* die *bloed van die Here.*

*Maar die mens moet homself beproef, en só van* die *brood eet en uit* die *beker drink.*

*Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.*

*Daarom is daar onder julle* siek, of—of, *onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.*

*Want as ons*. . .*beoordeel*. . .*Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie—sou ons nie geoordeel word nie.*

*Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.*

*Daarom, my broers, as* julle *saamkom om te eet, wag een vir* die ander.

179 Nou, dit was nog altyd 'n gebruik van ons kerk dat, wanneer ons by hierdie oomblik kom, ons net 'n oomblik in gebed buig; en julle vir my bid, in stilte, terwyl ek vir julle bid.

180 Ons besef dat die Skrif wat ons gelees het, dat, as ons op onwaardige wyse eet en drink, ons oordeel oor onsself eet en drink, terwyl ons nie die Here se liggaam onderskei nie. Dit is: as jy in sonde lewe, lewe waar jy nie moet lewe nie, dan is jy 'n skande vir die saak. Moet dit nie neem nie, bly weg daarvan. Moet dit nie doen nie.

181 Maar as jy lewe. . .Ek weet almal van ons maak foute, maar ons het 'n Bloedoffer wat daar lê en heeltyd vir ons versoening maak, die Bloed van God se Eie Seun. So ons word vergewe vir ons sondes.

Maar as jy in openlike sonde lewe en nie—nie waardig is om 'n Christen genoem te word nie, moet dit nie neem nie.

182 Maar as jy 'n Christen is, dan is jy verplig om dit te neem. "Want hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het ewige Lewe, en Ek sal hom oprig in die laaste dag."

183 Kom ons bid, net 'n oomblik, vir mekaar.

Vader, hierdie gebed bid ons tot U, die vergifnis van ons sonde, bid ons, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Die plekaanwysers laat gewoonlik die mense staan by die. . . Waar is Broer Taylor-hulle? Goed. [Broer Branham wag—Red.]

184 Soos gewoonlik, bid ek hierdie gebed voor enigiemand staan. Dis hoekom Broer Taylor gewag het, maar ek wou hierdie vir 'n rede hê vanaand. Ek hou in my hand 'n druiwesap, wyn, die bloed van die druif wat Jesus gesê het: "Ek sal dit opnuut saam met julle drink in My Vader se Koninkryk." Dit verteenwoordig die Bloed van Jesus Christus, dat ons sondes vergewe is.

185 Ek dink aan die digter wat gesê het: "Dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed sal nooit Sy krag verloor tot die hele vrygekoopte Kerk van God gered is om nooit weer te sondig nie." Kom ons buig ons hoofde.

186 Genadige God, terwyl ek vashou, in hierdie, my hand, vanaand, die druiwe, die bloed van die druiwe, wat die Bloed van die Seun van God moet verteenwoordig. het ek dikwels gedink: "Wat sou ek doen met twee druppels van die letterlike Bloed van Jesus, as ek Dit in 'n glas gehad het?" Hoe ek dit teen my hart sou vasdruk. Nou, Vader, hierdie is om daardie Bloed te verteenwoordig.

187 Soos ek U vra om dit te seën aan elke deelnemer, mag ons sondes onder die Bloed wees. Mag ons siekte uit ons verdwyn, want ons is U diensknegte wat sterk, gesonde liggame en 'n skoon, rein hart en gewete verlang, dat ons U verteenwoordigers kan wees op hierdie aarde. Ons bid U, ons God, om hierdie druiwe te reinig vanaand, die bloed van hierdie druif, vir sy bepaalde doel, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

188 Die Skrif sê dat Hy die beker geneem en gedank het. Toe het Hy brood geneem en Hy het dit gebreek en gesê: "Hierdie is My liggaam wat vir julle gebreek word." Terwyl ek vanaand in my hand, hierdie stukkies brood hou, wat verdroog en gebreek is, herinner dit my aan die boodskap vanaand, hoe hulle een boom geslaan het om sap te kry om die ander een te red, en hoedat "Hy ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel is: die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom; maar deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Mag die genade van God hierdie kosjerbrood reinig vir sy bepaalde doel, en elke persoon wat daarvan neem, geen sonde meer in julle lewe nie, geen siekte meer in julle liggaam nie, tot ons die Here ontmoet.

189 Ons Hemelse Vader, ons reinig hierdie brood deur 'n woord van gebed en geloof dat dit gebruik sal word vir die bepaalde doel wat God vir ons bepaal het om te doen: om hierdie opdrag uit te voer tot Hy kom. Mag elke persoon wat van hierdie aandete neem vanaand, mag hulle rein wees van sonde, en genees word van siekte, vir die reis wat vir ons voorlê. Ons vra, in Jesus Christus se Naam. Amen.

190 [Leë kol op band—Red.] . . . oggend. [Broer Branham lees uit Johannes 13:12-15.]

> *. . . gedurende die maaltyd, die duiwel* het dit nou *al in die hart van Judas Iskáriot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai;*
>
> *het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in Sy hande gegee het . . . dat Hy van God uitgegaan het en* hy *na God heengaan;*
>
> het Hy *van* die *maaltyd opgestaan en Sy* bo-kleed *uitgetrek; . . . 'n doek geneem, en dit om hom vasgemaak.*
>
> *Daarna het Hy water in 'n bak* gegooi, *en die voete van die dissipels begin was, en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.*
>
> *Hy kom toe* by *Simon Petrus: . . . Petrus het vir Hom* gesê, *Here, gaan U my voete was?*
>
> *Jesus antwoord en sê vir hom, Wat Ek* nou *doen, begryp jy nie . . .; maar jy sal dit hierna verstaan.*
>
> *Petrus* het *vir Hom* gesê, Here, *U* sal *my voete in der ewigheid nie was nie. Jesus antwoord hom, As Ek jou nie was nie,* het *jy geen deel aan My nie.*
>
> *Simon Petrus* het *vir Hom* gesê, *Here, nie net my voete nie, maar ook my hande en my hoof.*
>
> *Jesus* het vir *hom* gesê, *Hy wat gewas is, het niks anders* nodig *as om sy voete te was nie, maar is heeltemal rein: en julle is rein, maar nie almal nie.*
>
> *Want Hy het geweet wie Hom sou verraai. Daarom* het hy gesê, Julle *is nie almal rein nie.*
>
> *Toe Hy dan hulle voete gewas, en Sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel* sit, *en sê vir hulle, Verstaan julle wat Ek* aan *julle gedoen het?*
>
> Julle *noem My Meester en Here: en julle is reg; want Ek is dit.*
>
> *As Ek dan, die Here en Meester, julle voete gewas het; is* julle *ook verplig om mekaar se voete te was.*
>
> *Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek* aan *julle gedoen het,* julle *ook so doen.*
>
> "En so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul."

Die vroue neem die voetewas in die agterkant, glo ek, oorkant in die kamer aan die regterkant. Die mans kom in hierdie kamer hier oorkant in.

191 En julle word beslis en vriendelik uitgenooi om by ons te bly hiervoor as julle moontlik kan. As julle nie kan nie, wel, is ons bly om julle hier te gehad het vanaand; bid dat julle weer sal terugkom na ons toe, saam met ons sal wees vir ons volgende diens.

192 Ek wil een ding sê, elke aand wanneer ek nagmaal neem, klim ek altyd streng in, preek hard. Maar dit maak beslis my hart bly om 'n klomp skoon vroue soos ons s'n te sien, wat na hierdie tabernakel toe kom, wat opkom na hierdie altaar toe hier, met skoongewaste gesigte, geen grimering, lang hare, wat daar staan soos heiliges met reggeklede vroue.

193 Om ons broers daar te sien loop met daardie ernstige, heilige kyk op hulle gesig om die nagmaal te neem. Ek is bly om een van julle pastore te wees. "God seën julle," is my gebed.

194 Nou, sal Broer Neville die gehoor verdaag, hulle wat moet gaan. En daardie mans wat graag aan die voetewas wil deelneem, sal na hierdie kamer aan die regterkant toe kom, en die vroue sal na die kamer aan die agterkant toe gaan. Tot ek julle weer sien, mag God se seën met julle wees. Broer Neville.

61-1001E Die Trooster
Branham Tabernakel
Jeffersonville, Indiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org